# Voltydse dosent:
## PRIVAAT- EN HANDELSREG

AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES

PAARL

Akademia is 'n Christelike, klassieke en onafhanklike hoëronderwysinstelling wat verbind is tot die uitnemende opleiding en vorming van studente vanuit en vir Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe. Akademia het vanaf Januarie 2027 'n voltydse pos op die Paarl-kampus beskikbaar vir 'n dosent in die Departement Privaat- en Handelsreg in die Fakulteit Regsgeleerdheid.

### POSDOELSTELLING

'n Dosent is daarvoor verantwoordelik om gehalteonderrig aan studente te bied deur klasaanbiedings en leerervarings. Die pos vereis dat akademiese take, wat onderrig, navorsing, asook akademiese gemeenskapsdeelname insluit, ywerig verrig word. Die vorming van studente tot goedgevormde mense word hoog geag. 'n Dosent streef daarna om as leier in 'n vakgebied erken te word en streef na verdieping in alle klasaanbiedings.

### VERANTWOORDELIKHEDE

Verantwoordelikhede sluit in, maar is nie beperk nie tot:

- voorbereiding en dosering van die module-inhoud
- kurrikulumontwikkeling
- navorsing op vakgebied ter ondersteuning van onderrig en leer, en professionele ontwikkeling
- opstel van assesseringsaktiwiteite in 'n kontak- en afstandsleeromgewing
- akademiese gemeenskapsdeelname
- lewering van akademiese ondersteuning aan studente
- betrokkenheid by Akademia in die algemeen

### POSVEREISTES

- 'n meestersgraad in 'n privaat- of handelsregdissipline ('n LLD sal tot die kandidaat se voordeel strek)
- toepaslike praktykondervinding
- hoëronderwyservaring in die onderrig van die genoemde dissiplines (aanbeveling)
- ervaring in versnitte leer (*blended learning*)
- blootstelling aan en vorige gebruik van onderwysmedia

### VAARDIGHEDE

- sterk verbale en geskrewe kommunikasievaardighede
- interpersoonlike vaardighede
- prioritiserings- en tydsbestuursvaardighede
- onafhanklik in 'n spanverband funksioneer
- moet inisiatief kan neem
- oplossingsgedrewe
- vermoë om werk onder druk te voltooi
- om 'n ambassadeur vir Akademia te wees deur te help om die instelling uit te bou en 'n liefde vir Afrikaans te hê

**Klik hier om vir die pos aansoek te doen.** Slegs Afrikaanse CV's sal aanvaar word. **Aansoeke moet voor of op 4 September 2026 ingedien word.** Stuur 'n e-pos met jou Afrikaanse CV na vakanteposte@akademia.ac.za indien jy probleme met die skakel ervaar.

Akademia behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie. Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys 75 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer (registrasienommer: 2011/HE08/005). Akademia is deel van die Solidariteit Beweging.